Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
MAART 2024

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

DIS BRUINERIG, RUIK EN SMAAK NIE LEKKER NIE

JONGSTE OOR DIE TOESTAND VAN PEARLY BEACH SE KRAANWATER

Munisipaliteit Overstrand is maar al te bewus dat inwoners van Pearly Beach ongelukkig is oor die kleur, smaak en reuk van kraanwater wat aan hul huise gelewer word.

Hou in gedagte dat om aan Pearly Beach se vraag na water te voldoen, moet die munisipaliteit water van beide die Koekemoer- en die Pearly Beach-dam onttrek.

Hierdie rouwaterkombinasie moet dan by die Pearly Beach-waterbehandelingsaanleg vermeng en behandel word tot op 'n standaard wat geskik is vir menslike gebruik.

Rou water van die Koekemoerdam is bruinerig van kleur, terwyl water van die heelwat kleiner Pearly Beach-dam helder is.

In onlangse tye het weerstoestande 'n groot impak gehad op die gehalte van die rou water wat vanuit beide bronne aan die behandelingsaanleg gelewer word:

1. Die bogemiddelde reënval wat gedurende 2023 se natseisoen ervaar is, het veroorsaak dat die kleur van die water in die Koekemoerdam aansienlik in intensiteit toegeneem het.
2. Die uiters warm dae wat sedert die aanvang van die somer ervaar is, het tot gevolg gehad dat die vlak van die Pearly Beach-dam van 75% tot 25% gedaal het. Om die waarheid te sê, teen die huidige tempo bestaan daar 'n moontlikheid dat hierdie dam, vóór die aanvang van die reënseisoen, heeltemal kan opdroog.

Al hierdie faktore het 'n impak op die bestaande waterbehandelingsaanleg se vermoë om kraanwater wat smaaklik, helder en reukloos is aan huishoudings te lewer.

Munisipaliteit Overstrand is bewus dat die huidige stand van sake kommerwekkend is en dat daar dringende aandag aan hierdie saak, beide oor die kort- en die langtermyn, geskenk moet word.

OOR DIE KORTTERMYN

- Waterbeperkings word ingestel om die waterverbruik uit die dam te verminder.
- Watervoorsiening sal op dieselfde wyse voortgesit word tot tyd en wyl die Pearly Beach-dam opdroog, op welke tydstip rou water slegs van die Koekemoerdam onttrek sal word.
- ☛ Let daarop dat, wanneer hierdie punt bereik word, verbruikers gerus kan wees dat hul kraanwater na behore ontsmet is selfs al is die kraanwater bruinerig van kleur.
- As dit blyk dat die rou water wat uitsluitlik uit die Koekemoerdam onttrek word se gehalte te swak is, sal die munisipaliteit drinkwater met tenks vanaf Gansbaai aanry, welke tenks op strategies plekke vir inwoners se gebruik in Pearly Beach geplaas sal word.

OOR DIE LANGTERMYN

- Die voorneme is om die Pearly Beach-waterbehandelingsaanleg op te gradeer tot op 'n punt waar water vanuit die Koekemoerdam alleen behandel kan word tot op SANS 0241-standaarde vir drinkwater sonder die nodigheid om dit met water vanuit die Pearly Beach-dam te vermeng. Die projek sal etlike maande neem om af te handel.
- Intussen is ondersoeke van stapel gestuur om te bepaal of grondwater dalk 'n haalbare alternatief is om oor die langduur tot die dorp se watersekuriteit by te dra.

GEBRUIK WATER SPAARSAAM ASSEBLIEF

- Spoel die toilet slegs as dit regtig nodig is
- Moenie die kraan laat loop wanneer jy jou tande borsel, jou hande was of die skottelgoed was nie
- Laai die skottelgoedwasser en/of wasmasjien tot sy volle kapasiteit voordat jy dit aanskakel
- Benat jou tuin slegs vóór sonop of ná sononder en gebruik 'n gieter, nie 'n tuinslang nie
- As jy jou motor was, gebruik 'n emmer, nie 'n tuinslang nie
- As jy 'n lek bespeur, maak dit reg of rapporteer dit dadelik.

VOOR WIE SE DEUR LÊ DIE BLAAM VIR HIERDIE *ONOOGLIKE GEMORS*?

Dit is alombekend dat diegene wat hul huise aan naweekbesoekers en vakansiegangers verhuur sowel as diegene wat selfsorg-eenhede uithuur, Overstrand voorhou as "'n voorkeurbestemming wat gekenmerk word deur sy silwerskoon strande en ongeskonde natuur".

Juis daarom is dit so tragies dat talle van diegene wat oor naweke en gedurende vakansies hier besoek kom aflê klaarblyklik geensins van voorneme is om Overstrand te laat in die toestand waarin hulle dit aangetref het nie: "silwerskoon" en "ongeskonde".

Week na week moet wetsgehoorsame inwoners maar verlief daarmee neem dat hulle weereens begroet gaan word deur vullisdromme wat tot oorlopens toe volgestop en geplunder is, om nie eens te praat van die stank van verrottende huishoudelike afval wat oral gesaai lê nie.

En, soos wat maar telkens die geval is, is dit die ondankbare taak van ons vullisverwyderingspanne om op te ruim nadat besoekers bloot hul tasse gegryp en die pad gevat het.

Hierdie toegewyde spanne sal altyd op die geskeduleerde afvalverwyderingsdag in die aangewese area opdaag, onvoorsiene omstandighede ten spyt.

Al wat hulle in ruil vra is 'n bietjie samewerking. Namens hulle doen Munisipaliteit Overstrand weereens 'n beroep op diegene wat vakansie-/naweekverblyf en selfsorg-eenhede verhuur/uithuur om, ten eerste, seker te maak dat gaste weet op watter dag van die week huishoudelike afval in hul area afgehaal word.

- As gaste die persele vóór of ná die geskeduleerde afvalverwyderingsdag gaan ontruim, is dit jou verantwoordelikheid as die persoon wat die eiendom verhuur/uithuur:
  - ☛ om reëlings te tref (bv. met die bure of 'n agent) om huishoudelike afval op die gepaste dag vir wegdoening uit te plaas, of
  - ☛ om seker te maak dat besoekers weet waar hulle hul huishoudelike afval moet aflaai vóór hulle die dorp verlaat.
- Wat ook al die geval mag wees, moet jy as die verantwoordelike eienaar/operateur onomwonde benadruk dat gaste onder geen omstandighede huishoudelike afval langs vullisblikke, op dorpsgrond of op sypaadjies mag stort wanneer hulle vertrek nie.

Net so belangrik is om te benadruk dat gaste nooit huishoudelike afval oornag op die sypaadjie mag laat nie

- Om plunderaars te ontmoedig, moet huishoudelike afval in swart sakke of in 'n rolvullisdrom beveilig word en mag slegs teen 07:00 op die oggend van die geskeduleerde afhalingsdag uitgeplaas word.
- As jy naweek-/vakansieverblyf of selfsorg-eenhede in 'n area verhuur/uithuur waar bobbejane as 'n probleem geïdentifiseer is, is dit jou verantwoordelikheid om te verseker dat die persele toegerus is met 'n bobbejaanbestande vullisdrom (d.w.s. 'n drom wat toegerus is met 'n knipslot, strop, hangslot of klamp) en dat jy jou gaste daarop attent maak dat geen vullissakke bo-op of langs hierdie drom gelaat mag word nie.

As Overstranders is ons alombekend vir ons gasvryheid en dit is natuurlik altyd 'n eer en 'n groot plesier om mense van heinde en verre hier aan ons kus te verwelkom. Soms mag dit dalk egter nodig wees om 'n bietjie ekstra moeite te doen om doodseker te maak dat gaste Overstrand in dieselfde toestand laat as waarin hulle dit aangetref het: "silwerskoon" en "ongeskonde".

BEGROTINGSPROSES VIR 2024/25-BOEKJAAR IN VOLLE SWANG

WEES GEREED OM U INSETTE TE LEWER

Gegewe die al hoe feller druk wat die stygende koste van basiese dienste, tesame met die snelle toename in die aantal huishoudings in die Overstrand uitoefen, is doeltreffende oorlegpleging met alle belanghebbendes (met inbegrip van inwoners) van die allergrootste belang as ons wil verseker dat projekte wat vir die volgende boekjaar geoormerk is werklik die behoeftes van alle inwoners in die streek aanspreek.

Tans is Munisipaliteit Overstrand se begrotingsbestuurskomitee gewikkel in 'n reeks vergaderings met interne rolspelers en gaan, met verdrag, inwoners nooi om deel te hê aan 'n openbare deelnameproses.

Ons is ten volle daartoe verbind om 'n deursigtige proses te volg waarvolgens alle belanghebbendes 'n billike geleentheid gegun sal word om by wyse van konstruktiewe dialoog hul menings te lug en vertoë te rig, alvorens besluite rakende die 2024/2025-begroting (met inbegrip van tariewe en kapitaalprojekte) gefinaliseer word.

Daarom doen ons 'n beroep op alle inwoners om te besin oor die kapitaalprojekte wat Munisipaliteit Overstrand, na hul mening, moet prioritiseer en hoe die Raad ten beste te werk kan gaan om die stygende lewenskoste in toom te hou.

Die datums waarop, en die plekke waar, die openbare deelnameproses gaan plaasvind, sal met verdrag via die media bekendgemaak word.

Jou insette is van onskatbare waarde, so benader asseblief hierdie geleentheid om jou mening te lug met die nodige erns deur eerstens op te daag.

ALLES DUI DAAROP DAT EIENDOMSBELASTING & TARIEWE WAARSKYNLIK IN JULIE GAAN STYG

HUISHOUDINGS IN NOOD KAN OM VERLIGTING AANSOEK DOEN

Weens stygende koste is 'n verhoging in die tariewe vir basiese dienste (water, sanitasie en afvalverwydering) sowel as vir elektrisiteit en eiendomsbelasting, onafwendbaar.

Op 31 Januarie 2024 het die Raad sy hersiene beleid oor deernishulp goedgekeur, waarvolgens huishoudings in nood op enige tydstip van die jaar om gratis basiese dienste en deernishulp aansoek kan doen.

Waar aansoeke goedgekeur is, moet kwalifiserende huishoudings hul deernisstatus ten minste een keer per jaar verifieer om te bevestig dat hulle steeds aan die beleid se vereistes vir gratis basiese dienste (met inbegrip van gratis elektrisiteitseenhede) voldoen. Sou 'n huishouding in gebreke bly om sy deernisstatus te bekragtig, sal die subsidie summier gekanselleer word.

Om te bepaal of jy vir deernishulp kwalifiseer, besoek die betaalkantoor by jou naaste munisipaliteit of laai die beleid oor deernishulp via die volgende skakel af: overstrand.gov.za, kliek op _Documents_ en gaan na _Policies_. Jy kan gerus ook jou wyksraadslid om hulp nader.

Inwoners moet daarop let dat die jaarlikse verhoging in eiendomsbelasting en tariewe, volgende op Raadsgoedkeuring van die 2024/25-begroting, op hul Julie- munisipale rekeninge sal reflekteer en teen 20 Augustus betaalbaar sal wees.

KRY WAARDEVOLLE WERKSERVARING EN VERBETER SÓ JOU VOORUITSIGTE

DOEN *NOU* AANSOEK OM 'N 'YEBONEER' TE WORD

Om een van Overstrand se YeBoneers te word beteken dat jy jou daartoe verbind om vir elf maande voltyds van Maandag tot Vrydag by 'n plaaslike biblioteek, óf te help om leerders se leesvaardighede te verbeter, óf te help om die digitale gapings in jou gemeenskap te oorbrug.

Geen kwalifikasies word vereis nie, maar 'n matrieksertifikaat sal in jou guns tel.

In die Overstrand gaan die Hawston-, Hermanus-, Mount Pleasant-/Zwelihle-, Stanford-, Gansbaai-, Buffeljagsbaai-, Eloxulweni-, Kleinmond- en Bettysbaai-biblioteke aan die program deelneem, en jy moet binne 5 km van een van daardie biblioteke woon.

Om aansoek te doen, word daar van jou verwag om 'n profiel op SA Youth Mobi te skep, of om jou bestaande een op te dateer.

Besoek www.yearbeyond.org (kies die "Libraries Programme"-blad onder die "Programmes"-oortjie) om jou profiel te skep/op te dateer, of klop by jou naaste biblioteek aan om hulp.

Onthou, aansoeke sluit op 12 Maart 2024, so jy beter wikkel!

AANDAG ALLE BIBLIOTEEKGEBRUIKERS:

HERREGISTRASIE NOU VERPLIGTEND

Alle openbare biblioteke in die Wes-Kaap is deur die Ouditeur-generaal aangesê om hul lidmaatskapdatabasisse teen September 2024 op te dateer.

Om daardie rede het alle biblioteke in die Overstrand 'n veldtog van stapel gestuur om aktiewe gebruikers te herregistreer en alle onaktiewe gebruikers uit hul rekords te skrap.

Wanneer jy dus volgende keer die biblioteek besoek, gaan 'n nuwe aansoekvorm aan jou oorhandig word met die versoek dat jy die behoorlik voltooide vorm, tesame met die nodige dokumentasie en jou ou biblioteekkaartjie, so gou doenlik terugbesorg.

Gebruikers wat nalaat om teen die einde van Augustus aan hierdie versoek te voldoen, sal as "onaktief" geklassifiseer word en outomaties uit die databasis geskrap word.

Die volgende dokumentasie word benodig om lidmaatskap te hernu:

- Behoorlik voltooide aansoekvorm
- Bewys van identiteit (ID of geboortesertifikaat in die geval van SA-burgers/ paspoort of bevestiging van vlugtelingstatus in die geval van buitelanders)
- In die geval van minderjarige kinders, ID van ouer of voog
- Bewys van verblyf:
  - In die geval van huiseienaars, jongste munisipale rekening waarop huisadres aangetoon word
  - In die geval van huurders, óf 'n geldige kontrak óf 'n beëdigde verklaring deur die huiseienaar waarop laasgenoemde se adres soos per sy/haar munisipale rekening aangetoon word en wat nie ouer as drie maande is nie
- Huidige fisiese biblioteekkaartjie ('n vervangingsfooi kan gehef word in die geval van 'n verlore kaart)
- Die adres en telefoonnommer van twee kontakpersone (bv. bure, kollegas, familielede)

Die nuwe aansoekvorm vir biblioteeklidmaatskap kan ook via die munisipaliteit se webtuiste afgelaai word: www.overstrand.gov.za/application-forms/

Ons doen 'n beroep op alle inwoners om die biblioteke se herregistrasieveldtog te ondersteun deur hul aansoekvorms, tesame met die stawende dokumentasie, so gou doenlik in te dien. As u bewus is van 'n vorige lid wat nie meer aktief is nie (die persoon het dalk te sterwe gekom, of verhuis), verwittig asseblief u bibliotekaris.

Biblioteeklede is welkom om hul naaste bib te kontak vir hulp:

Hermanus: 028 313 8077	hermanuslibrary@overstrand.gov.za
Kleinmond: 028 271 4021	kleinmondlib@overstrand.gov.za
Gansbaai: 028 384 8346	evdlinde@overstrand.gov.za
Hawston: 028 315 1126	bmay@overstrand.gov.za
Stanford: 028 341 8506	fhendricks@overstrand.gov.za
Mount Pleasant: 028 313 8984	bmay@overstrand.gov.za
Betty's Bay: 028 272 9263	rmatthews@overstrand.gov.za
Eluxolweni: 028 384 8346	evdlinde@overstrand.gov.za
Buffeljagsbaai: 028 384 8346	evdlinde@overstrand.gov.za